OPLEIDINGSBEHOEFTES VAN KOMMERSIëLE BOERDERY-ONDERNEMERS IN 'N VERANDERENDE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING

B J Erasmus en J Hough
Lektore, Departement Bedryfsekonomie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria

Training needs of commercial farmers in a changing South African environment

Fast changes in the socio-economical, political, natural and technological environments, necessitates farmers to investigate the impact of these factors on their enterprises and to continually evaluate their needs for management training. An empirical investigation into the present (1993) and future (1996) importance of the above mentioned variables on 1093 selected commercial farm enterprises and the identification of management training needs have been executed. The importance of the environmental variables are statistically reported and the need for management training are prioritised. Recommendations are also made to satisfy future training needs.

Opleidingsbehoeftes van kommersiële boerdery-ondernemers in 'n veranderende Suid-Afrikaanse omgewing

Vinnige veranderinge op die sosio-ekonomiese, politieke, natuurlike en tegnologiese omgewings, noodsaak boerdery-ondernemers om nie alleen die impak hiervan op hul ondernemings te ondersoek nie, maar om ook hul behoefte aan bestuursopleiding voortdurend te evalueer. 'n Empiriese ondersoek met 'n geselekteerde populasie van 1093 kommersiële boerdery-ondernemings in Suid-Afrika na die huidige (1993) en toekomstige (1996) belangrikheid van genoemde veranderlikes op boerdery-ondernemings asook die identifisering van bestuursopleidingsbehoeftes is uitgevoer. Die belangrikheid van die omgewingsveranderlikes word op grond van statistiese ontledings gerapporteer en die opleidingsbehoeftes vir bestuursopleiding is geprioritiseer. Aanbevelings is ook gemaak ten opsigte van die toekomstige bevrediging van die opleidingsbehoeftes.

1. Inleiding

Die veranderende politieke en sosio-ekonomiese klimaat in Suid-Afrika het nie alleen 'n belangrike invloed op die totale gemeenskap nie, maar ook op die wyse waarop boerdery-ondernemings bestuur word. In die lig van volgehoue pogings deur die Suid-Afrikaanse regering en ander politieke partye in Suid-Afrika om die onderhandelingspolitiek op koers te hou en 'n steeds onwillige maar belangstellende internasionale gemeenskap wat in Suid-Afrika wil investeer, word boerdery-ondernemings in Suid-Afrika genoodsaak om voortdurend hul strategiese planne te herevalueer om by die veranderende omstandighede aan te pas.

Ongeveer 1,1 miljoen mense in Suid -Afrika is op 'n voltydse of deeltydse basis in diens van die kommersiële boer en in 'n normale seisoen lewer die landbou tussen vyf tot sewe persent van die bruto binnelandse produk van die land (Segal, 1992:22). Die belangrikheid van die landbousektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie kan nie oorbeklemtoon word nie en dit is noodsaaklik dat hierdie sektor vir die Suid-Afrikaanse ekonomie oor die algemeen, maar in die besonder, vir al die partye wat direk en indirek hierby betrokke is, so doeltreffend moontlik bestuur word. Daar rus 'n besondere verantwoordelikheid op die kommersiële boerdery-ondernemer om kennis te neem van die verskillende makrofaktore wat die boerdery-onderneming kan beïnvloed en ook om sy eie vermoë om die boerdery-onderneming suksesvol te kan bestuur, voortdurend te evalueer.

2. Agtergrond en probleemstelling

Die bestuursopleidingsbehoeftes van kommersiële boerdery-ondernemers kan nie in isolasie van die makrofaktore wat boerdery-ondernemings in Suid-Afrika beïnvloed, beskou word nie. Hierdie makrofaktore word oor die algemeen beskou as:

- Sosiale faktore soos werkloosheid, ontvolking van die platteland en armoede;
- ekonomiese faktore soos rentekoerse, inflasie en verkryging van kapitaal;
- politieke faktore soos grondwetlike onderhandelings en 'n nuwe regering met 'n moontlike veranderende beleid ten opsigte van grondbesit;
- natuurlike faktore soos beskerming van die omgewing en gronderosie; en
- tegnologiese faktore soos verbeterde implemente en nuwe saadbasters.

Die omgewing waarin die kommersiële boer opereer word verder gekenmerk deur 'n volgehoue hoë inflasiekoers, hoë rentekoerse en tekort aan kapitaal, veranderinge in binnelandse markvereistes, ooraanbod van belangrike kommoditeite binnelands sowel as in die buiteland en fiskale beleid wat wanallokasie van hulpbronne aanmoedig (Joubert, 1987:2).

Verskeie outeurs (Marais, 1989; Van Reenen & Marais, 1992; Hamilton *et al*, 1992; Van der Dussen, 1992) stem tot 'n mate saam dat die bestuursaspekte waarop 'n boerdery-ondernemer moet fokus om suksesvol te wees die volgende insluit:

- Arbeidsbestuur onder andere vanweë die insluiting van plaaswerkers by die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet no 3 van 1983 soos gewysig), die Werkloosheid Versekeringswet (Wet no 30 van 1966 soos gewysig) en moontlik ander arbeidswetgewing;

- finansiele bestuur;
- meganiese/ tegniese vaardighede (produksiebestuur);
- bemarkingsbestuur veral vanweë die moontlike deregulering van sommige beheerrade (Committee of Inquiry into the Marketing Act, 1992:75); en
- aankoopbestuur en algemene bestuursvaardighede soos beplanning, organisering, leiding en beheer.

Vanweë die veranderende makro-omgewing is dit noodsaaklik dat kennis oor strategiese bestuursaspekte 'n onontbeerlike element van enige boerdery-onderneming se kennis onderbou behoort te vorm. Die strategiese belangrikheid van die landbou is ook gedurende 1992 by die Transvaalse Landbou-unie se jaarkongres bespreek (insluitende die ekonomiese omgewing waarin die landbou hom bevind) (Die Boer, 1992:28).

Suid-Afrika se politieke ontwikkeling het voortdurend 'n beduidende invloed op die wyse waarop die meerderheid van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag hulself in vakbonde organiseer en optredes beplan. Druk deur vakbonde word voortdurend op ondernemings uitgeoefen vir beter diensvoorwaardes en ander byvoordele, met die gevolg dat ondernemings die konflik wat daarmee gepaard gaan intern moet bestuur. Ondernemings word soms genoodsaak om hul werksmag te verminder weens die gebrek aan ekonomiese en finansiële groei. Boerdery-ondernemings gaan nie hierdie aspekte vryspring nie en moet daarop voorbereid wees om konfliksituasies suksesvol te bestuur.

Volgens Marais (1989:12) bestaan daar reeds vir dekades kommer oor die gehalte van boerderybestuur op plaasvlak en dui (sien ook Louw, 1986) van hierdie tekortkominge aan as:

- 'n Toenemende kwesbaarheid van eksterne faktore;
- 'n gebrek aan realistiese doelwitte en langtermynbeplanning;
- 'n gebrek aan sakeondervinding; en
- 'n onwilligheid om by die veranderende omgewing aan te pas.

Marais (1989:234) stel dit verder dat 'n groot persentasie boerdery-ondernemers nie hul ondernemings as sakeondernemings bestuur nie en dat daar 'n gebrek aan voldoende opgeleide boere is.

In die lig van die veranderende makro-omgewing in Suid-Afrika en die invloed wat hierdie veranderings op boerdery-ondernemings mag uitoefen, kan die volgende vraag met reg gestel word: Beskik die boerdery-ondernemer oor die regte bestuursvaardighede om sy/haar onderneming nou en in die toekoms suksesvol te bestuur? Hierdie studie het dus ten doel om uit 'n geselekteerde groep boerdery-ondernemers, a) Die belangrikheid van omgewingsfaktore op boerdery-ondernemings vir die huidige (1993) en in die toekoms (1996) te identifiseer en b) die bestuursopleidingsbehoeftes van boerderyondernemers te prioritiseer.

3. Navorsingsmetodologie

3.1 Populasie

Die populasie vir hierdie studie het uit 1093 persone bestaan wat sedert 1978 kursusse by die Boerderybestuursentrum aan Unisa bygewoon het. Die Boerderybestuursentrum is 'n privaatinstansie wat in 1977 gestig is met die doel om navorsing oor landboubestuursaspekte te onderneem, praktykgerigte opleiding te verskaf en vaksimposia oor landbouaangeleenthede aan te bied. Volgens die navorsers beskik hierdie groep persone oor genoegsame teoretiese onderbou oor landboubestuursaspekte vanweë die feit dat hulle landboubestuurskursusse aan die Boerderybestuursentrum voltooi het. Dit is as belangrike voorvereiste vir hierdie ondersoek beskou.

Daar bestaan noodwendig sekere beperkinge met die gebruik van die populasie. Die belangrikste hiervan is dat dié persone wat die kursusse voltooi het nie die totale populasie van boerdery-ondernemers in Suid-Afrika verteenwoordig nie. 'n Verdere tekortkoming was die feit dat die kursusgangers nie hul adresveranderings bekend gemaak het nie.

3.2 Ontwerp van die posvraelys as meetinstrument

Daar is deur middel van die bestudering van toepaslike literatuur vakinhoudelike aspekte geïdentifiseer wat in die vorm van stellings geformuleer is. Die vraelys het uit drie afdelings bestaan, naamlik, afdeling 1 waar biografiese vrae gestel is en afdeling 2 waar verskeie stellings wat op algemene bestuursterreine en makrofaktore fokus, gestel is en waarop respondente op 'n vierpuntskaal moes aandui wat die belangrikheid van elke stelling vir die huidige (1993) en die toekoms (1996) is. In die laaste afdeling moes respondente 'n keuse tussen verskillende opleidingsbehoeftes uitoefen. Hierdie referaat fokus net op die makrofaktore wat die boerdery-onderneming kan beïnvloed en die voortspruitende bestuursopleidingsbehoeftes van boerdery-ondernemers.

3.3 Voortoets (voorstudie)

Daar is vir doeleindes van die voortoets 20 persone ewekansig uit die populasie van 1093 getrek. 'n Responskoers van 68 persent is verkry en die respons van die voortoetsproefpersone wat 'n voortoetskommentaarvraelys voltooi het was grotendeels positief. Enkele regstellings is egter op die vraelys aangebring na voltooiing van die voortoets.

3.4 Versending van die vraelys en responskoers

Die vraelys is met 'n dekbrief aan 1093 persone (die totale populasie) gepos en na 'n opvolgversoek is 283 bruikbare vraelyste verkry. Nadat 83 posstukke as "adres onbekend" terugontvang is en in berekening gebring is, is 'n responspersentasie van 28% (283/1010) verkry.

3.5 Biografiese besonderhede van die respondente

Tabel 1 weerspieël die biografiese besonderhede van die respondente ten opsigte van die volgende aspekte:

- Beroepsgroep in die landbou, byvoorbeeld voltydse boer, deeltydse boer of in die landbousektor werksaam;
- opvoedkundige kwalifikasies;
- ouderdomsgroep;
- aantal jare wat persoon boer of in die landbousektor werksaam is;
- aantal voltydse werknemers in diens en
- tipe eienaarskap, bv. eienaar, huurder, plaasbestuurder.

Die frekwensies tel nie almal op na 283 nie, omdat sommige respondente nie al die vrae beantwoord het nie. Volgens die biografiese gegewens van die respondente (Tabel 1) is 87 persent voltydse boere en beskik 93,9 persent van die respondente oor 'n standerd 10 kwalifikasie en hoër.

Tabel 1: Biografiese besonderhede van respondente

	N	%	Kumulatiewe %
Beroepsgroep in die landbou			
Voltydse boer	240	87.0	87.0
Deeltydse boer	7	2.5	89.5
In landbousektor werksaam	29	10.5	100.0
Opvoedkundige kwalifikasies			
St 8	14	5.0	5.0
St 9	3	1.1	6.1
St 10	60	21.5	27.6
Diploma/Sertifikaat	85	30.5	58.1
B-graad	60	21.5	79.6
Nagraadse kwalifikasie	57	20.4	100.0
Ouderdomsgroep			
20 - 30	15	5.3	5.3
31 - 40	111	39.2	44.5
41 - 50	107	37.8	82.3
51 - 60	42	14.8	97.2
61 en ouer	8	2.8	100.0
Aantal jare in die boerderysektor			
Minder as 1 jaar	3	1.1	1.1
1 - 5	8	2.9	4.0
6 - 10	39	14.2	18.2
11 - 15	74	27.0	45.3
16 jaar en langer	150	54.7	100.0
Aantal voltydse werknemers in diens			
Minder as 5	19	6.9	6.9
5 - 10	51	18.5	25.4
11 20	67	24.3	49.6
21 30	33	12.0	61.6
31 -40	29	10.5	72.1
41 -50	15	5.4	77.5
51 en meer	62	22.5	100.0
Tipe eienaarskap			
Eienaar	198	80.2	80.2
Huurder	11	4.5	84.6
Bestuurder	23	9.3	93.9
Geen van bogenoemde	15	6.1	100.0

Ongeveer 39 persent van die respondente is tussen 31 tot 40 jaar oud, terwyl 'n groot groep (37,8 persent) in die ouderdomsgroep 41 tot 50 jaar is. Die meeste respondente (54,7 persent) boer al vir 16 jaar en langer en is ook die eienaars van die grond (80,2 persent). Die meeste respondente (54,8 persent) het tussen 5 en 30 werknemers.

3.6 Statistiese ontledings

In hierdie studie is frekwensie- en korrelasie-ontledings gebruik. Korrelasie-ontledings is met behulp van Pearson se produkmoment korrelasiemetode bepaal (Hays 1963:499) en beduidenheidstoetse is ook uitgevoer. 'n Beduidendheidspeil van 5% is in hierdie ondersoek gebruik.

4. Bevindings en bespreking

4.1 Makrofaktore

Wat die huidige situasie (1993) betref word ekonomiese faktore soos rentekoerse, inflasie en die verkryging van kapitaal as die belangrikste faktore beskou wat die boerdery-onderneming beïnvloed. Die tweede belangrikste is politieke faktore (nuwe regering, herverdeling- en grondbesitbeleid) gevolg deur natuurlike, tegnologiese en sosiale faktore (sien Tabel 2).

Daar moet egter op gelet word dat natuurlike faktore na aspekte soos gronderosie, beskerming van die omgewing en die osoonlaag verwys en nie elemente soos reënval, droogte en oorstromings insluit nie. Die tegnologiese faktore sluit elemente soos verbeterde elemente en nuwe saadbasters in.

Wat die belangrikheid van hierdie faktore vir die toekoms (1996) betref, word ekonomiese faktore weer eens as die belangrikste deur boerdery-ondernemers beskou. Die ekonomie word gevolg deur politieke, sosiale, tegnologiese en natuurlike faktore (kyk Tabel 2).

Dit is dus duidelik dat ekonomiese en politieke faktore vir boerdery-ondernemers vir die huidige en die toekoms die belangrikste makrofaktore is waarmee rekening gehou moet word. In die huidige Suid-Afrikaanse konteks waar een van die ergste ekonomiese ressesies beleef word en 'n nuwe konstitusionele bedeling onderhandel word met gepaardgaande onsekerhede wat die toekoms inhou, is bogenoemde nie werklik 'n verrassing nie.

Indien die ander faktore van nader ondersoek word is natuurlike faktore die vierde belangrikste vir die huidige, maar verskuif na die onbelangrikste vir die toekoms. Sosiale faktore verskuif van die onbelangrikste vir die huidige na die derde belangrikste makrofaktor vir die toekoms. Laasgenoemde verskuiwing mag plaasgevind het vanweë die belangrikheid wat 'n toekomstige regering aan die sosiale opheffing van "agtergeblewe" gemeenskappe in die toekoms gaan plaas. Die verskuiwing van natuurlike faktore na die onbelangrikste faktor in die toekoms mag daaraan toegeskryf word dat hierdie faktor op die korttermyn nie die winsgewendheid van die boerdery-onderneming behoort te beïnvloed nie.

4.2 Opleidingsbehoeftes

Om die respondente se opleidingsbehoeftes te bepaal moes die respondente, gegewe 'n lys van opleidingsterreine, aandui waarin hul die grootste opleidingsbehoefte het. Die opleidingsbehoeftes van kommersiële boerderyondernemers kan volgens die respondente soos volg geprioritiseer word.

Prioriteit 1 : Bemarkingsbestuur
Prioriteit 2 : Strategiese bestuur
Prioriteit 3 : Finansiële bestuur
Prioriteit 4 : Arbeidsbestuur
Prioriteit 5 : Algemene bestuur
Prioriteit 6 : Meganiese/tegniese vaardighede
Prioriteit 7 : Aankoopbestuur

Die feit dat die grootste opleidingsbehoefte ten opsigte van bemarkingsbestuur geïdentifiseer is, kan moontlik daaraan toegeskryf word dat beheer of bemarkingsrade hul aktiwiteite afskaal (kyk ook "Committee of Inquiry into the Marketing Act, 1992") en dat daar toenemend van boerdery-ondernemers verwag gaan word om hul eie bemarking te behartig. Bemarkingsgerigtheid en die praktiese uitvoering van bemarkingsaktiwiteite is ook 'n relatiewe nuwe terrein vir baie Suid-Afrikaanse boerdery-ondernemers en het tot gevolg dat daar tans 'n groot behoefte vir opleiding aan hierdie aspek bestaan. Die vernaamste makrofaktor wat dit beïnvloed is ongetwyfeld ekonomies van aard aangesien die huidige bemarkingstrukture nie die behoeftes van 'n groot deel van die landbougemeenskap bevredig nie.

Vanweë die onsekere makro-omgewing (vernaamlik die politieke en swak ekonomiese toestande waarin boerderyondernemers hulself bevind), is dit duidelik waarom strategiese bestuur (in die besonder) en finansiële bestuur so hoog op die prioriteitslys van opleidingsbehoeftes is. Verskeie outeurs (Laubscher, 1987; Jacobs, 1983; Van Wyk, 1983; Louw, 1986; Westgren & Cook, 1986; Westgren, 1987; King & Shuker, 1987; Harling & Funk, 1987; Laubscher, 1987; Louw, 1991; Hough, 1991; Hough, 1992) het al die behoefte aan strategiesgerigte bestuur en opleiding in die landbou uitgespreek. Volgens aanduidings is hierdie studie egter die eerste empiriese ondersoek wat strategiese bestuur as 'n belangrike opleidingsprioriteit vir die primêre produsent aandui.

Daar is verwag dat die behoefte aan arbeidsbestuursopleiding hoër op die prioriteitslys behoort te wees vanweë die verandering in arbeidswetgewing. Sommige van die veranderinge in arbeidswetgewing is vanweë vakbonddruk teweeggebring om politieke doelwitte te bereik, maar ook om die plaaswerker wetsbeskerming te bied en om 'n bydrae te maak om hierdie werksgroep sosiaal op te hef. Arbeidspraktyke in die landbousektor het nie altyd die aandag gekry wat dit verdien nie en Hough (1987) stel dit as volg: *"It is clear that the agricultural sector in South Africa seems to be viewed in certain circles as one of the 'neglected' sectors as far as reform of labour practices for instance is concerned."* Dit is duidelik dat daar ook dringend aan hierdie opleidingsbehoefte aandag gegee sal moet word.

Die feit dat die behoefte aan opleiding vir algemene bestuurskennis, meganiese/tegniese vaardighede en aankoopbestuurskennis laer op die prioriteitslys is, mag daaraan toegeskryf word dat boerdery-ondernemers hulself redelik bekwaam ag op hierdie terreine en gevolglik nie 'n hoër prioriteitsorde regverdig nie. Dit moet egter beklemtoon word dat die opleidingsprioriteite wat hier gegee word slegs die behoeftes van boerdery-ondernemers weerspieël soos dit tans binne die konteks van elke ondernemer se kundigheidsvlakke vir die verskillende terreine ervaar word. Verder speel die verskillende makrofaktore soos dit tans en in die toekoms kan vergestalt 'n belangrike rol in die besluit wat 'n opleidingsbehoefte mag wees of word. Die verskillende makrofaktore moet dus nie in isolasie van mekaar beskou word nie, maar as 'n geïntegreerde geheel wat in totaliteit op die onernemer se vermoë om suksesvol te bestuur, inwerk.

Tabel 2: Die invloed van makrofaktore op Suid-Afrikaanse boerdery-ondernemings in 1993 en 1996

Makro-faktore	1993		1996	
	$\bar{X}$*	SA**	$\bar{X}$	SA
Sosiaal	2,77	0,91	3,26	0,85
Ekonomies	3,35	0,79	3,56	0,66
Politiek	3,03	1,05	3,55	0,72
Natuurlik	2,83	0,95	3,13	0,91
Tegnologies	2,84	0,92	3,20	0,91

* = Rekenkundige gemiddelde op 'n 4-puntskaal; ** = Standaardafwyking; N = 282

4.3 Korrelasie-ontledings

Verskeie korrelasie-ontledings is uitgevoer. Slegs daardie resultate waar daar 'n positiewe of negatiewe korrelasie asook 'n beduidende verband gevind is, word gerapporteer.

Die verband tussen opvoedkundige kwalifikasie en ouderdom met die makrofaktore

Wat opvoedkundige kwalifikasies betref (Tabel 3) blyk dit dat hoe laer die opvoedkundige kwalifikasies van boerdery-ondernemers is hoe belangriker is die huidige (1993) politieke faktore. Soos reeds aangetoon (biografiese besonderhede, Tabel 1), beskik 30,5 persent van die respondente oor 'n standerd tien met 'n sertifikaat of diploma en 41,9 persent oor 'n B-graad en 'n nagraadse kwalifikasie. Slegs 6,1 persent beskik oor 'n standerd nege kwalifikasie en laer en dit is duidelik dat hierdie groep nie na lae geskoolde ondernemers verwys nie.

Wat ouderdom betref blyk dit dat hoe jonger boere is hoe belangriker is die natuurlike en tegnologiese faktore vir die huidige (1993) en die toekoms (1996). Dit blyk verder dat hoe ouer boerdery-entrepreneurs is hoe belangriker raak die politieke faktore vir hulle in die nabye toekoms (1996).

Politieke faktore is dus vir die huidige vir die relatief laer geskoolde boerdery-ondernemer van meer belang as hoër geskooldes. Hier moet ook in gedagte gehou word dat die ouer boer ook die relatief laer gekwalifiseerde boer is en dat die klem eerder op die verband tussen ouderdom (generasie) en politiek geplaas word as op kwalifikasies en politieke sienings. Daar moet egter gelet word op die feit dat slegs 26 persent van die respondente oor 'n matriek en laer kwalifikasie beskik.

Die verband tussen opvoedkundige kwalifikasie en ouderdom met opleidingsbehoeftes

Dit blyk dat hoe hoër die opvoedkundige kwalifikasies van boerdery-ondernemers, hoe hoër is die behoefte aan strategiese bestuursopleiding (Tabel 4). 'n Verklaring vir voorgenoemde is moontlik omdat boerdery-ondernemers met hoër opvoedkundige kwalifikasies voel dat hulle goed onderlê is in die ander opleidingsterreine en 'n groter behoefte het na 'n langtermyn visie vir hul ondernemings.

Verder blyk dit dat hoe ouer boerdery-ondernemers is, hoe geringer beskou hulle opleiding oor die algemeen. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat ouer persone reeds oor hierdie opleiding beskik, nie meer entoesiasties oor opleiding is nie en dat die toekoms grootliks deur politieke faktore beïnvloed gaan word. Dit blyk dus dat verdere opleiding nie vir hierdie (ouer) groep persone enige rendement bied nie. Hierdie standpunt kan onderskryf word indien eienaarskap in die nabye toekoms aan jonger persone oorhandig gaan word. Ouer boere beskou opleiding as minder belangrik maar daar word voorgestel dat hul op hoogte moet bly van die nuutste veranderings op hul vakgebied alhoewel formele opleidingskursusse nie hier gepropageer word nie. Daar behoort egter 'n bereidwilligheid en begeerte by hierdie groep geskep word om by lewenslange leer betrokke te wees, ten minste vir die tydperk waarin hul, hul ondernemings aktief bestuur.

Die verband tussen makrofaktore (1993 en 1996) en opleidingsbehoeftes

Dit blyk dat daar 'n positiewe verband is tussen die belangrikheid van tegnologiese faktore vir die huidige (1993) en die behoefte aan opleiding vir finansiële bestuur (kyk Tabel 5).

Dit blyk verder dat daar 'n positiewe verband is tussen die belangrikheid van politieke faktore vir die toekoms (1996) en die behoefte aan opleiding vir algemene bestuursvaardighede. Boerdery-ondernemers is skynbaar van mening dat, soos die belangrikheid van politieke faktore toeneem, hoe meer vaardig behoort hulle te wees in algemene bestuursvaardighede.

Dit blyk egter dat daar 'n negatiewe verband bestaan tussen die belangrikheid van politieke faktore en die behoefte aan opleiding vir bemarkingsbestuur. 'n Moontlike interpretasie is dat dié boere wat pessimisties is oor toekomstige politieke verwikkelinge, minder waarde heg aan bemarkingsopleiding. Boerdery-ondernemers voel moontlik hier dat soos die politieke faktore in die toekoms gaan toeneem, hoe minder belangrik is kennis rakende bemarkingsaspekte. Ten spyte van die negatiewe verband tussen politieke faktore en die behoefte aan bemarkingsbestuur moet hier weer in gedagte gehou word dat opleiding in bemarkingsbestuur as die hoogste prioriteit deur die populasie aangedui is.

4.4 Toekomstige implikasies vir opleidingsinstansies

Bogenoemde bevindings het direkte implikasies vir instansies wat hul bemoei met die opleiding van boerdery-ondernemers. Hierdie resultate lewer 'n direkte bydrae tot die wetenskaplike kurrikulering van die vakgebied. Opleidingsinstansies behoort oorweging te skenk aan die aanpassing van leerplanne en die instelling van nuwe vakke om by veranderende bestuursbehoeftes aan te pas.

Tabel 3: Die verband tussen opvoedkundige kwalifikasies en ouderdom met makrofaktore (1993 en 1996)

Makrofaktore	1993	1996
Ouderdom		
Politieke omgewing	r=0.0643 p=0.2969	r= 0.15117 p= 0.0131
Natuurlike omgewing	r=-0.14365 p= 0.0158	r=-0.15340 p= 0.0115
Tegnologiese omgewing	r=-0.1543 p=0.0087	r= -0.15656 p= 0.0103
Opvoedkundige kwalifikasie		
Politieke omgewing	r= -0.13640 p= 0.0232	r=0.02806 p= 0.6396

N = 282; Betekenisvolheid $p < 0.05$; r = Korrelasie

Tabel 4: Die verband tussen opvoedkundige kwalifikasies en ouderdom met opleidingsbehoefte

Opleidingsterrein	Opvoedkundige kwalifikasie	Ouderdom
Strategiese bestuur	r=0.15974 p=0.0080	----- -----
Geen opleidingsbehoefte	----- -----	r=0.20364 p=0.0006

N = 279; Betekenisvolheid $p < 0.05$; r = Korrelasie

Tabel 5: Die verband tussen makrofaktore en opleidingsbehoefte (1993 en 1996)

Opleidingsbehoeftes	1993	1996
	Tegnologie	Politiek
Finansiële bestuur	r= 0.12356 p= 0.0402	r=0.01104 p=0.8580
Algemene bestuur	r=-0.0158 p= 0.7930	r= 0.12747 p= 0.0381
Bemarkingsbestuur	r=0.0056 p= 0.9255	r= -0.12745 p= 0.0381

N = 278; Betekenisvolheid $p < 0.05$; r = Korrelasie

Die belangrikste makrofaktore is geïdentifiseer en die unieke opleidingsterreine is in rangorde geplaas. Die bewusmaking van alle partye betrokke by boerdery-ondernemings (bestuur en werkers) van die invloed van hierdie faktore asook die skepping van unieke opleidingskursusse vir besondere groepe ten einde hul ondernemings beter te bestuur, is noodsaaklik. Die algemene "mog het treffe" benadering om boerdery-ondernemers op te lei is nie meer aanvaarbaar nie. Dit is nie alleen koste-ondoeltreffend nie maar frustreer ook die persone daarby betrokke omdat dit nie behoeftegerig is nie. In Suid-Afrika tans en in die toekoms gaan opleiding in boerdery-ondernemerskap 'n kardinale rol speel om die breë gemeenskap op te hef. Hoe gouer opleidingsinstansies hulself kan instel om aan die unieke behoeftes te voldoen, hoe meer kredietwaardig gaan hulle wees en tot 'n groter mate deur die gemeenskap gesteun word.

5. Samevatting en aanbevelings

Die opleidingsbehoeftes van kommersiële boerdery-ondernemers in Suid-Afrika moet in die lig van die veranderende makrofaktore beskou word om enigsins sinvol geïnterpreteer te word. Met hierdie beginsel as vertrekpunt kan afgelei word dat opleidingsbehoeftes vir praktiserende kommersiële boerdery-ondernemers nooit staties kan wees nie, maar dat dit 'n dinamiese terrein is wat voortdurend ondersoek moet word. Die belangrikheid van makrofaktore en die wyse waarop dit die opleidingsbehoeftes van boerdery-ondernemers beïnvloed kan nie oorbeklemtoon word nie.

'n Ondersoek van hierdie aard het noodwendig sy tekortkominge maar is hoofsaaklik uitgevoer om meer lig op hierdie komplekse terrein te plaas en ook om verder

gesprek hieroor te stimuleer. Verdere navorsing op die terrein kan byvoorbeeld op die bepaling van die opleidingsbehoeftes van bestaansboere en nuwe toetreders tot die landbousektor fokus.

In die lig van bogenoemde bevindings word die volgende algemene aanbevelings gedoen:

- Opleidings-instansies moet in oorleg met die kommersiële boerderygemeenskap opleidingsprioriteite bepaal ten einde die opleidingsbehoeftes van boere te bevredig.
- Opleidingsinstansies in die landbousektor moet kennis neem van die algemene resultate van hierdie ondersoek en hul leerplanne dienooreenkomstig beoordeel en moontlik aanpas.
- Daar behoort kort kursusse in strategiese boerderybestuur vir boerdery-ondernemers met tersiêre kwalifikasies ontwikkel word.
- Gevestigde boerdery-ondernemers (byvoorbeeld ouer as 40 jaar) behoort bewus gemaak te word van die belangrikheid en waarde wat "lewenslange leer" vir hulle inhou om hul ondernemings suksesvol te bestuur.
- Boerdery-ondernemers behoort opgelei te word in die beginsels van bemarkingsbestuur deur byvoorbeeld kort kursusse te ontwikkel vir 'n bepaalde landbou sub-sektor asook vir persone wat reeds formele landbou-opleiding voltooi het. Bemarkingsbestuur as vraestel op formele vlak behoort ingestel te word indien dit nog nie bestaan nie. In die proses van aanbieding moet die belangrikheid van die vakgebied vir die toekoms beklemtoon word.
- Finansiële bestuur behoort 'n integrale deel van 'n kursus in boerderybestuur te vorm/bly (veral waar boerdery-ondernemings meer tegnologies gevorderd is).
- Algemene bestuursvaardighede as kernkomponent in enige opleidingspakket vir 'n boerdery-ondernemer behoort 'n belangrike deel te vorm, veral waar Suid-Afrika baie onsekere politieke tye ervaar.

Verwysings

COMMITTEE OF INQUIRY INTO THE MARKETING ACT. (1992). Report. Government Printers.

DIE BOER. (1992). Strategiese belangrikheid van landbou by kongres bespreek. Vol 20, No 7.

HAMILTON W H; CONNELLY, D F & DOSTER, D H. (1992). Agribusiness: an entrepreneurial approach. Delmar Publisher, New York.

HARLING, K F & FUNK, T F. (1987). Competitive strategy for farm supply and grain elevator business, American Journal of Agricultural Economics, Vol 69, No 5.

HAYS, W L. (1963). Statistics. New York, Holt, Rinehart and Winston.

HOUGH, J. (1991). 'n Strategiese bestuursbenadering tot kapitaalvorming deur graankoöperasies in Suid-Afrika. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.

HOUGH, J. (1992). Strategic management in agriculture with specific reference to agricultural co-operatives in South Africa. Referaat gelewer by die EAE konferensie in Bucharest, Roemenië. Junie 1992.

HOUGH, M. (1987). The influence of the strategic environment on agriculture: the international environment. Referaat gelewer by die LEVSA-kongres, April 1983.

JACOBS, J. (1983). Strategiese beplanning en aanpassings: Finansiering. Referaat gelewer by die LEVSA-kongres, April 1983.

JOUBERT, J S G. (1987). Die invloed van die ekonomiese/finansiële omgewing op boerderybestuur en -besluitneming. Referaat gelewer by die LEVSA-kongres, Mei 1987.

KING, R P & SHUKER, I G. (1987). Strategic responses to changes in information technology, American Journal of Agricultural Economics, Vol 69, No 5.

LAUBSCHER, J. (1987). 'n Strategiese benadering tot landboubeleidsbestuur: Toepassings in die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.

LOUW, A. (1986). Veranderinge in boerdery- en finansiële bestuur: Implikasies vir die toekoms, Agrekon, Vol 25, No 3.

LOUW, A. (1991). Veranderinge in boerdery- en finansiële bestuur: Implikasies vir die negentigerjare. Referaat gelewer by die Boerderybestuursentrum, Pretoria, April 1991.

MARAIS, A DE K. (1989). Nie-formele boerderybestuurskursusse as innovasie vir die landbougemeenskap in Suid-Afrika, 1978-1989. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.

RGN-/NOR ONDERSOEK NA VAARDIGHEIDSOPLEIDING IN DIE RSA. (1989). Staatsdrukker, Pretoria.

SEGAL, S. (1992). Old McDonald face change. Finance Week, November 19-15:20.

VAN DER DUSSEN, P E. (1992). Produktiwiteitsgroei in die landbousektor: historiese verloop en toekomsvooruitsigte. Referaat gelewer by die EBM-konferensie, Port Elizabeth, Desember 1992.

VAN REENEN, M.J & MARAIS, A DE K. (1992). Boerderybestuur: Finansiële ontleding, beplanning en beheer. Van Schaik, Pretoria.

WESTGREN, R E. (1987). Strategic management in agribusiness firms: Discussion. American Journal of Agricultural Economics, Vol 69, No 5.

WESTGREN, R E. & COOK, M L. (1986). Strategic management and planning. Agribusiness, Vol 2, No 4.

Summary

Training needs of farmers in South Africa should be interpreted in light of the changing macrofactors in South Africa. With this as a point of departure, one could deduce that the training needs for practising farmers can never be static since this is a dynamic terrain which needs to be investigated continuously. Thus the importance of macrofactors and their influence on the training needs of farmers cannot be overemphasised.